





- 'n Gewaarmerkte afskrif van die versekerde persoon se identiteitsdokument
- Vir sterfte-eise: 'n Gewaarmerkte afskrif van die oorledene se doodsertifikaat
- Vir eise in geval van permanente ongeskiktheid: Afskrifte van mediese verslae en menings wat die ongeskiktheid staaf
- Vir afleggingseise: 'n Afskrif van die WVF-kaart/salarisstrokie en 'n oorspronklike brief van die werkgewer wat die aflegging bevestig. Slegs oorspronklike dokumente sal aanvaar word. Ingeval oorspronklikes nie beskikbaar is nie, sal slegs afskrifte wat deur 'n kommissaris van ede gewaarmerk is, aanvaar word. Dokumente kan gefaks word sodat die eisafdeling die eis kan begin verwerk. Guardrisk behou te alle tye die reg om alle dokumente na te gaan wat met die polis verband hou, en sal met FinChoice, die versekerde persone, die kredietverskaffer of die aangewese eksekuteur in verband met enige probleme met dokumente skakel.

#### Klagteprosedure

Indien u 'n klagte het oor die inligting of die diens wat u van FinChoice ontvang het, tree gerus met FinChoice in verbinding by hulle adres hierbo.

Indien FinChoice nie 'n klagte oor advies bevredigend oplos nie, kan u die klagte by die FAIS-ombudsman indien:

Posadres: Posbus 74571, Lynnwoodrif 0040

Deelkostelyn: 0860 324 766

Tel: 012 470 9080

Faks: 012 348 3447

Klagtes oor die polis kan by Guardrisk ingedien word:

Guardrisk Lewens Beperk

Posadres: Rivoniaweg 102, Sandton 2146

Tel: 011 669 1000

Faks: 012 675 3856

E-pos: [complaints@guardrisk.co.za](mailto:complaints@guardrisk.co.za)

Indien Guardrisk nie 'n klagte oor enige eis bevredigend oplos nie, kan u die klagte by die Ombudsman vir Langtermynversekering indien:

Die Ombudsman vir Langtermynversekering

Posadres: Privaat Sak X45, Claremont 7735

Tel: 021 657 5000

Faks: 021 674 0951

#### Belangrike punte

- U moet alle wesentlike feite noukeurig, volledig en behoorlik openbaar. U is self verantwoordelik vir alle inligting wat deur of namens u verskaf word. U moet u ook vergewis van die akkuraatheid van enige transaksie wat enigiemand namens u aangaan.
- Moenie enige onvolledige of leë dokumente onderteken nie. Niemand mag versoek of daarop aandring dat u dit doen nie.